

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c      Friday, 30 November 1973      WINDHOEK      Vrydag 30 November 1973      No. 3365

## CONTENTS

## INHOUD

Page/Bladsy

### GOVERNMENT NOTICE:

### GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. 245 Ordinance, 1973: Promulgation of ... ..

Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van ... .. 1214

## Government Notice      Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Secretary for South West Africa.*

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 245]      [30 November 1973

No. 245]      [30 November 1973.

### ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

### ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act.

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:-

| No. | Title                                 | Page |
|-----|---------------------------------------|------|
| 24  | Delegation of Powers Ordinance, 1973. | 1215 |

| No. | Titel  | Bladsy |
|-----|--|--------|
| 24  | Ordonnansie op die Delegasie van Bevoegdheids, 1973. | 1216   |

No. 24 of 1973]

DELEGATION OF POWERS ORDINANCE, 1973.

*(Assented to 29 November 1973.)*  
*(English text signed by the Administrator.)*  
*(Date of commencement 30 November 1973.)*

## ORDINANCE

To empower the Executive Committee and officials in the employ of the Administration of South West Africa to delegate certain powers, authorities and functions; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Defini-  
tions.

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates -

“Executive Committee” means the Administrator-in-Executive-Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);

“official” means an officer in the Public Service as defined in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957) and an employee appointed or deemed to have been appointed in terms of the Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957).

Delega-  
tions by  
the Execu-  
tive Com-  
mittee to  
specific  
persons.

2. The Executive Committee may generally or specifically and subject to such conditions as it may determine from time to time delegate any power, authority or function conferred upon it in terms of any ordinance promulgated before or after the commencement of this Ordinance or in terms of any proclamation or regulations issued or made under such ordinance, to -

- (a) a Member of the Executive Committee;
- (b) the Secretary for South West Africa;
- (c) an official in the employ of the Administration of South West Africa.

Powers  
which  
may not  
be dele-  
gated.

3. The provisions of section 2 shall not empower the Executive Committee to delegate any power conferred upon it to issue proclamations or to make regulations.

Delega-  
tions by  
officials.

4. An official upon whom any power, authority or function has been conferred in terms of any law referred to in section 2, may, with the approval of the Executive Committee granted subject to such conditions as the Executive Committee may impose, generally or specifically delegate such power, authority or function to any official under his control upon such conditions as he may prescribe from time to time.

No. 24 van 1973]

ORDONNANSIE OP DIE DELEGASIE VAN  
BEVOEGDHEDE, 1973.

*(Goedgekeur 29 November 1973.)*

*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

*(Datum van inwerkingtreding 30 November 1973.)*

**ORDONNANSIE**

Om die Uitvoerende Komitee en amptenare in die diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika te magtig om sekere bevoegdheede, gesagte en werksaamhede te delegeer; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

Woord-  
bepa-  
ling.

“amptenaar” ’n beampte in die Staatsdiens soos omskryf in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957) en ’n werknemer wat aangestel is of beskou word as aangestel kragtens die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957);

“Uitvoerende Komitee” die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968).

2. Die Uitvoerende Komitee kan in die algemeen of spesifiek en behoudens die voorwaardes wat hy van tyd tot tyd bepaal ’n bevoegdheid, gesag of werksaamheid wat aan hom verleen is ingevolge enige ordonnansie wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie afgekondig is of ingevolge enige proklamasie of regulasies wat kragtens so ’n ordonnansie uitgevaardig of gemaak is, delegeer aan -

Delega-  
sies deur  
die Uit-  
voerende  
Komitee  
aan be-  
paalde  
persone.

(a) ’n Lid van die Uitvoerende Komitee;

(b) die Sekretaris van Suidwes-Afrika;

(c) ’n amptenaar wat in die diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika is.

3. Die bepalings van artikel 2 magtig die Uitvoerende Komitee nie om enige bevoegdheid wat aan hom verleen is om proklamasies uit te vaardig of regulasies te maak, te delegeer nie.

Bevoegd-  
hede  
wat nie  
ge dele-  
geer  
mag  
word nie.

4. ’n Amptenaar aan wie ’n bevoegdheid, gesag of werksaamheid verleen is ingevolge enige wet bedoel in artikel 2, kan so ’n bevoegdheid, gesag of werksaamheid met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee, verleen onderworpe aan die voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee bepaal, in die algemeen of spesifiek aan ’n beampte onder sy beheer delegeer op die voorwaardes wat hy van tyd tot tyd voorskryf.

Dele-  
gasies  
deur  
ampte-  
nare.

## DELEGATION OF POWERS ORDINANCE, 1973.

Tabling  
of  
summary  
of dele-  
gations.

5. A summary of all powers, authorities and functions delegated in terms of this Ordinance during the previous calendar year shall be annually laid upon the Table of the Legislative Assembly.

Repeal  
of  
Ordinance  
21 of 1960.

6. (1) Subject to the provisions of subsection (2) the Delegation of Powers Ordinance, 1960 (Ordinance 21 of 1960) is hereby repealed.

(2) Any power, authority, or function delegated to any person in terms of the ordinance repealed by subsection (1) shall be deemed to have been delegated to such person in terms of this Ordinance.

Short  
title.

7. This Ordinance shall be called the Delegation of Powers Ordinance, 1973.

ORDONNANSIE OP DIE DELEGASIE VAN BE-  
VOEGDHEDE, 1973.

5. 'n Opsomming van alle bevoegdhede, gesagte en werksaamhede wat gedurende die vorige kalenderjaar ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie gedelegeer is, word jaarliks in die Wetgewende Vergadering ter Tafel gelê.

Tertafelleging van opsomming van delegasies.

6. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die Ordonnansie op die Opdra van Magte, 1960 (Ordonnansie 21 van 1960) hierby herroep.

Herroeping van Ordonnansie 21 van 1960.

(2) Enige bevoegdheid, gesag of werksaamheid wat ingevolge die ordonnansie wat by subartikel (1) herroep word aan iemand opgedra is, word geag ingevolge hierdie Ordonnansie aan sodanige persoon gedelegeer te wees.

7. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Delegasie van Bevoegdhede, 1973.

Kort titel.